

**2 Februarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 4:12-25 (OAV)  
Fokusgedeelte: Matteus 4:19 (OAV)**

**'n Visser van mense is om Jesus te volg en mense vir Christus te wen**

Ken jy die grootste opdrag wat aan jou gegee is? Jesus se opdrag aan jou om mense sy se dissipels te maak, om hulle te doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees en om hulle alles te leer wat Hy jou beveel het (vgl. Matt. 28:19-20). Wat behels hierdie groot opdrag van Jesus regtig? Die opdrag waarvoor Jesus jou die wêreld instuur, is om mense sy dissipels te maak en om sodoende 'n visser van mense te wees.

Jesus roep jou vanuit hierdie gedeelte op om Hom te volg, want Hy wil jou 'n visser van mense maak, om sodoende jou groot opdrag te kan nakom. In hierdie roeping, waarmee Jesus jou roep, is daar 'n opdrag en 'n belofte opgesluit.

Die opdrag is om Jesus te volg, om agter Hom aan te gaan as Hy jou roep. Dis hoe Hy die eerste maal vir Simon Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes geroep het met die woorde "Kom agter My aan." 'n Absolute, spesifieke opdrag om Hom te volg. Hierdie opdrag is nie so 'n maklike, eenvoudige opdrag nie, want dit behels om jouself te verloën, jou kruis op te tel en Hom te volg (vgl. Matt. 16:24). So het Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes, sonder om twee keer te dink of te twyfel, alles net so gelos, opgestaan en Hom begin volg. Hulle doen dit sonder enige huiwering, want hulle kyk verby die opdrag en sien die wonderlike belofte wat in hierdie opdrag opgesluit is. Die belofte dat Hy hulle vissers van mense sal maak.

Jesus het nie na hulle toe gegaan en hulle beveel om vissers van mense te word nie. Nee, Hy belowe hulle dat Hy hulle vissers van mense sal maak. In hierdie belofte sê Hy eintlik vir hulle wat hulle gaan doen, wat hulle toekomstige taak is. Dit is om mense vir Christus te wen (vgl. Matt. 28:19-20), om die evangelie te verkondig dat Jesus die lig is wat in die donker en skaduwee opgegaan het (vgl. vs 16 en ook Jes. 9:1-2), want Hy is die lig en die lewe vir die nasies (vgl. Joh. 1:4-5). Jesus is nie net gewillig om hulle vissers van mense te maak nie, maar het hulle ook met die nodige krag toegerus om effektiewe vissers van mense te wees. Hy doen dit deur middel van Homself, wat hulle in staat stel om hulle koninkryksroeping te kan navolg en te kan nakom. Net so berei Jesus jou ook voor vir jou koninkryksroeping, jou koninkrykstaak, want Hy rus jou ook daarvoor toe met sy krag wat Hy vir jou gee, om jou in staat te stel om dit te doen (vgl. Fil. 4:13 en 2 Kor. 12:9), wanneer jy swak is.

Vanuit hierdie gedeelte is dit duidelik dat Jesus jou roep om Hom te volg, om 'n dissipel te raak, 'n visser van mense, om so mense vir Hom te wen, hulle na Hom toe te lei, deur hulle te leer, toe te rus en moed in te praat, sodat hulle ook hulle koninkryksroeping kan navolg. Soos wat Hy jou voorberei, toerus en motiveer om jou roeping uit te leef. Wees dus 'n dissipel wat Jesus volg en mense vir Christus wen.

*Sing: Skrifberyming 36 (18-2):4*

*Ds. P Cilliers (Daniëlskuil/Delportshoop)*